SUID-AFRIKAANSE RADIOLIGA

SARLNUUS SONDAG 24 DESEMBER 2006

U luister na amateurradiostasie ZS6SRL van die Suid-Afrikaanse Radioliga, die nasionale vereniging vir amateurradio in Suid-Afrika, met 'n nuusbulletin wat elke Sondag om 08:15 SAT in Afrikaans en om 08:30 SAT in Engels uitgesaai word. U kan ook na hierdie oggenduitsendings luister deur per Echolink met ZS6FCS te koppel of na www.zs6mrk.org te gaan en die daar aangeduide skakels te volg. Hierdie, en vorige bulletins, kan ook van die SARL se webwerf nl. www.sarl.org.za afgelaai word en u kan ook daar inteken om toekomstige bulletins per e-pos te ontvang.

Hierdie uitsending word gedoen deur George, ZS6NE, vanuit Pretoria met herleidings op 14,235, 7,066 en 3,695 MHz asook 438,825 MHz in die Pretoria gebied. (Ander nuuslesers verander soos nodig).

In die nuus vandag:

WETENSKAPLIKE VOORSPEL 'N SUPER SONSIKLUS

SARL-JEUGNET VIER 50STE UITSENDING

APRS-BAKEN OP REUNIONEILAND

U luister na ZS6SRL. Bly ingeskakel vir die volledige berigte oor die voorgenoemde items, sowel as ander belangrike en interessante berigte.

WETENSKAPLIKE VOORSPEL 'N SUPER SONSIKLUS

Sonsiklus 24, wat teen 2010 of 2011 sal piek, lyk of dit een van die mees intense siklusse gaan wees vandat daar 400 jaar gelede met rekordhouding begin is, sê sonfisikus David Hathaway van die Marshall Ruimtevlugsentrum. Verlede week tydens die Amerikaanse Geofisikaunie se vergadering in San Francisco, het hy en kollega Robert Wilson hierdie gevolgtrekking voorgehou. Hulle voorspelling is gebaseer op historiese rekords van geomagnetise storms.

Hathaway verduidelik dat waneer 'n sonwindvlaag teen die aarde se magnetiese veld vaswaai, die impak veroorsaak dat die magnetiese veld skud. As dit erg genoeg skud, noem ons dit 'n geomagnetiese storm. Op sy ergste veroorsaak hierdie storms kragonderbrekings en swaai kompasnaalde in die verkeerde rigtings. Die auroras is 'n baie mooi nagevolg.

Hathaway en Wilson het na rekords van geomagnetise aktiwiteit gekyk wat amper 150 jaar teruggaan en het iets nuttigs gesien. "Die hoeveelheid geomagnetisie aktiwiteit nou vertel ons hoe die sonsiklus in 6 tot 8 jaar in die toekoms gaan lyk", sê Hathaway.

Goeie nuus vir DX!

SARL JEUGNET VIER HIERDIE WEEK SY 50STE UITSENDING

Op Donderdag 28 Desember, vier die ZS6SRL-Jeugnet sy 50ste uitsending. Spesiale insette deur van die Jeugnet se sterkste ondersteuners, insluitende Andries, ZS6VL, word ingesluit. Gerry, ZS6GER, het 'n groot gelamineerde DX-kaart geskenk wat tydens die uitsending as prys getrek sal word.

Al is toestande nie watwonders nie, word die Jeugnet nog steeds goed ondersteun.

Wanneer omstandighede dit toelaat, herlei Nico, ZR6VT, en Craig, ZS6RH, die uitsendings op die 20 en 40 m bande asook op die Pretoria 145,725 MHz en 70 cm herhalers. In Johannesburg herlei Alan, ZS6BIK, of Peter, ZS6TAO, die uitsending op die Sandton 145,700 MHz herhaler.

Die Jeugnet is begin om 'n geleentheid te skep vir jong radioamateurs om met hulle gelykes te gesels en gemeenskaplike belange te deel. Die netbeheerder is Stuart Reid, ZR6DBZ. Met die hulp van verskeie radioamateurs het die net besonder vinnig gegroei en 'n wye verskeidenheid van onderwerpe word bespreek. Vroeër vanjaar is Stuart vereer as die Siemens Jong Radioamateur van die Jaar deur die Suid-Afrkaanse Amateurradioontwikkelsingstrust omdat hy die voortou geneem het en sorg dat beide die inhoud en bedieningsprosedure van 'n hoogstaande gehalte is.

Terwyl die Jeugnet goeie ondersteuning geniet, bly die doel om meer jongmense aan te moedig om by die weeklikse net aan te sluit. Roep in op Donderdag 28 Desember en vier die net se 50ste keer op die lug. Die net kom om 17:45 op 3 650 kHz bymekaar.

APRS-BAKEN OP REUNIONEILAND

Phil, FR5DN, sê dat hy 'n APRS-baken op 144,675 MHz opgerig het. Die uitsetkrag is 40 watt in 'n 17-element Yagi wat horisontaal gepolariseer is en in die rigting van Suid-Afrika gemik is. Tans is dit omtrent 700 watt ERP. Die baken saai elke minuut teen 1 200 baud, FM uit.

As iemand iets hoor, laat asseblief vir Phil weet by e-pos fr5dn@oceanes.fr. Die baken sal daagliks tussen ongeveer 14:00 UTC tot 03:00 UTC op die lug wees. Onthou dat VK-amateurs herhalers op 2 800 km kan hoor as die band oop is.

HIERDIE MAAND SE RADIO ZS IS 'N MOET OM TE LEES

Hierdie maand se Radio ZS, die Oktober/Desember uitgawe, is 'n moet om te lees. Die gedrukte uitgawe is 'n paar dae gelde gepos, terwyl SARL-lede ook toegang het tot die aanlyntydskrif by www.sarl.org.za.

Die uitgawe is lekker vakansieleesstof en daar is antennaprojekte om jou besig te hou. Die CQ-tydskrif se outeur, Dave Ingram, K4TWJ, maak sy debuut in hierdie uitgawe met 'n artikel "Ham Pride, an interesting view on what made radio popular in yesteryears." Hy sal 'n gereëlde bydrae lewer. 'n Ander interessante artikel deur Donovan, ZS2DL, wys hoe maklik dit is om jou eie balun te maak. Dan is daar 'n artikel oor die beskerming van jou radiokamer of ander elektroniese installasie teen weerlig en kragstuwings. Vidi Le Grange, ZS1EL,

deel met die lesers hoe hy 'n toevallige ondekking gebruik het om 15 m werking op 'n 20 m enkelbandantenna te verkry en vertel jou hoe om dit te doen. En dan is daar van die gereëlde items soos die Museumnuus, Radio Scouting en 'n verslag oor die Wuerzburg EME-konferensie deur Ivo, ZS6AXT, en andere.

Om Radio ZS te lees, gaan aanlyn of kry die gedrukte uitgawe deur by die SARL aan te sluit. Al die besonderhede is beskikbaar op www.sarl.org.za.

BEONDERHEDE VAN 'N BEURSSKEMA VIR LEERDERS EN STUDENTE OM RADIOAMATEURS TE WORD, WORD AANGEKONDIG

Die Suid-Afrikaanse Amateurradioontwikkelingstrust het besonderhede van sy JARP 2007 beursskema bekend gemaak. JARP is die afkorting vir Jeug vir Amateurradioprogram. Beurse is beskikbaar vir die beginnersvlaklisensie asook die volle lisensie.

Vir beide lisensieklasse dek die beurs die kostes van die lesings, die eksamen- en die eerste jaar se lisensiegelde as ook 'n gedrukte kopie van die SARL-kursusmateriaal.

Met die voltooiing van die kursus en die slaag van die teoretiese en praktiese eksamens, sal die Trust 'n jaar se lidmaatskap van die SARL borg.

Aansoeke moet op die voorgeskrewe vorm, beskikbaar by www.amateurradio.org.za, gedoen word.

KOMPETISIENUUS

Gedurende Januarie 2007 kan jy aan die Hunting Lions in the Air kompetisie oor die naweek van 13 en 14 Januarie en die PEARS Nasionale BHF/UHF-kompetisie oor die naweek van 19 tot 21 Januarie deelneem.

KLUBNUUS

Klub- en takkomitees word gevra om hulle klub of tak se inligting op www.sarl.org.za/public/local/clubs.asp by te werk. Van die inligting op die webblad is amper 4 jaar oud.

HF-VOORTPLANTINGSVOORSPELLING

Hannes Coetzee, ZS6BZP, rapporteer dat die verwagte sonaktiwiteitsvlak baie laag tot laag sal wees. Die verwagte geomagnetiese veld wissel van stil tot aktiewe vlakke gedurende 27 Desember. Die verwagte effektiewe sonvlektelling sal gedurende die komende week minder as 6 wees.

20 m en 40 m is die beste keuse vir DX met moontlike 20 m openinge vanaf 14:00 SAT na die Ooste. Vanaf ongeveer 18:00 is daar moontlike kort 20 m openinge na Europa. Vanaf 18:00 is daar moontlike 15, 20 en 80 m openinge na die Verenigde State. Vir die morsekode- en digitale entoesiaste kan dit lonend wees om 10 MHz te monitor.

Besoek gerus www.spaceweather.co.za vir meer inligting.

DAGBOEK VAN GEBEURE

08 Januarie 2007 - NARS open; 13/14 Januarie 2007 - Hunting Lions in the Air; 19/21 januarie 2007 - PEARS Nasionale BHF/UHF-kompetisie; 3 Februarie 2007 - ERB Vlooimark; 16 Februarie 2007 - Sluitingsdatum vir nominasies vir Tinus Lange 7066 Tegniese Uitmuntendheidstoekennings; 1 Maart 2007 ZU-lisensie-eksamen; 14 April 2007 - SARL-AJV.

Aan die einde van vandag se SARLNuus, wens ons al ons luisteraars en intekenaars 'n lekker vakansietydperk toe. Aan ons Christenluisteraars 'n geseënde Kersfees, aan ons Joodse luisteraars 'n gelukkige Chanukah en aan ons Moslem-luisteraars 'n gelukkige Eid al-Adha. Mag julle feesvierings betekenisvol wees en vir jou vrede en geluk bring.

Sarlnuus maak staat op nuusitems wat vir radioamateurs van belang is en deur klubs en individue ingestuur word. Die enigste manier om te verseker dat u berigte Sarlnuus bereik is om dit in die korrekte plek op die webwerf van die SARL nl. www.sarl.org.za/newsinbox.asp te plaas nie later nie as die Donderdag wat die bulletin voorafgaan. Dit sal waardeer word indien u dit in Afrikaans sowel as Engels sal doen.

Die SARL nooi ook alle luisteraars om elke Sondagoggend om 10:00 SAT na die program Amateur Radio Mirror International op 145,750 MHz in die Pretoriagebied, en op verskeie ander herhalers, en met herleidings op 7 082, 7 205 en 17 695 kHz, te luister. Oudiostrome is ook vanaf www.zs6mrk.org sowel as per Echolink vanaf ZS6FCS, soos vir hierdie bulletin, beskikbaar. 'n Heruitsending vind Maandagaande om 21:00 SAT op 3 215 kHz plaas. Telkom en Sentech borg die uitsendings op die nie-amateurfrekwensies.

U het geluister na 'n nuusbulletin van die Suid-Afrikaanse Radioliga wat deur Dennis, ZS4BS/2, saamgestel en vertaal is.

'n Voorspoedige week word aan almal toegewens, 73.

/EX